

Kom ons praat oor geld

Die resessie raak nie net ons sakke nie, maar ook ons verhoudings. Tog, hoewel mense wanhopig en kwaad voel, is daar ook positiewe veranderinge wat begin kop uitsteek.

Navorsing wat deur The Solution Workshop gedoen word, dui daarop dat die krisis 'n kwaai emosionele uitwerking op Suid-Afrikaners het. Mense voel ongelukkig, angstig, terneergedruk en kwaad. Daar is ook by talle 'n gewaarwording van mislukking.

Inkorting

Mense voel hulle kan nie bekostig om vir hul kinders te koop wat hulle nodig het nie en ondanks die feit dat hulle oorwerk is omdat hulle enige ekstra geleenthede benut om geld te maak, moet hulle steeds terugsky op luukses wat hulle glo hulle toekom.

So het 'n respondent opgemerk: "Dit is baie erg, want jy moet inkort op dinge waarvan jy hou ten einde net die basiese te kan bekostig, en dit is nie lekker nie." In baie huishoudings word voedsel gerantsoeneer en kaste gesluit sodat voorrade langer kan hou. Impulsiewe inkopies is 'n ding van die verlede.

Gevoelens van mislukking

Finansiële spanning dra by tot ons angsvlakke. Terwyl sommige mense by streng begrotings hou, verkies ander om skuld te ignoreer deur die volstruistaktiek toe te pas. Die onvermoë om skulde te betaal, lei tot depressie en 'n gevoel van hulpeloosheid. Navorsing bevind dat mense kwaad en depressief begin word en dat aggressievlakke besig is om te styg.

Daar is by mense 'n sterk gevoel dat hulle kinders aan die kortste end trek. Buiten dat hulle gedurig vir kinders se behoeftes moet nee sê, moet ouers wat nie skoolgeld kan betaal nie, toesien hoedat hulle kinders byvoorbeeld die verleentheid moet verduur om dan nie hul rapporte te ontvang nie. Geld het so 'n belangrike maatstaf van sukses of mislukking geword, dat talle broodwinners voel asof hulle hul gesinne in die steek laat. Dit dra by tot spanning in verhoudings.

Neem beheer

Hoewel hierdie navorsing 'n baie negatiewe prentjie skets, is daar tog ook baie positiewe gedragsveranderinge wat plaasvind. Mense begin in reaksie op hul angste en wanhoop die noodsaaklikheid van beplanning en begroting insien.

Baie respondente het aangedui dat hulle begin beheer neem van omstandighede en meer gedissiplineerd begin optree. Hulle praat meer gereeld met hul gesinne oor hul finansies en hul kinders leer waaroor 'n begroting gaan.

Respondente het gesê hulle dink nie net mooi voordat hulle geld bestee nie, maar ook oor waarop hulle dit bestee. "Ek gaan doen inkopies met 'n spesifieke kontantbedrag en bereken nie die koste nie, maar wanneer ek by die betaalpunt kom, hou ek die subtotaal dop en sodra ek my limiet bereik, vra ek dat die orige artikels teruggeneem word," het een respondent gesê.

Hierdie behoefte om beheer te neem van gesinsuitgawes het by mense die behoefte laat ontstaan om hulself te leer om ingeligte besluite te neem, veral wanneer dit by finansies kom. Diegene wat beheer neem, geniet as 't ware 'n soort bemagtiging. Respondente het gesê hulle leer hoe om op bankkoste en elektrisiteit te bespaar, asook om op spesiale aanbiedinge en promosies te reageer. Mense het begin om meer tyd tuis

deur te bring saam met vriende en familie en hulle eerder daar te onthaal as om te gaan uiteet. DVD's neem al hoe meer die plek van fliëk-uitstappies in.

Begeerte om te spaar

Van die respondente het 78% gesê sodra hulle finansiëel herstel het, gaan hulle beslis meer spaar. Die gebrek aan spaargeld laat mense klaarblyklik baie kwesbaar voel. "Ek is nog in die proses om 'n harde les te leer. Ek het oorbestede en te veel krediet gehad en ek sukkel om alles af te betaal. In die toekoms sal ek spaar as ek ekstra geld het."

Interessant is egter die feit dat hierdie standpunt nie noodwendig deur mense uit alle inkomstegroepe gehuldig word nie. Die meerderheid van die middel- en laer inkomstegroepe se respondente was vasberade om nie terug te keer na ou bestee-gewoontes nie, omdat die lesse wat hulle geleer het, te hard was. Respondente uit die hoër inkomstegroepe meen egter dat mense sal terugkeer na hul ou gewoontes sodra hulle meer geld beskikbaar het. Hulle beskou dit as inherent aan die menslike natuur.

Terwyl middel- en laer inkomste-verdieners geneig is om by begrotings te bly, is verdieners in hoër inkomstegroepe geneig om hul kredietkaarte te gebruik om 'n mate van besteding te bly handhaaf.

Koestebesnoeiing

Die navorsing het gewys dat mense na verskillende opsies kyk om te spaar, soos om bankrekening te verander, lede van die uitgebreide familie uit te sluit wanneer dit by begrafnisdekking kom, die dekking van nie-broodwinners uit die versekeringsportefeulje te haal en hul mediese fonds te verander na 'n hospitaalplan.

Enige bykomende besparings word nie op produkte bestee nie, maar eerder op verbandterugbetalings. Die vertonings en koste van beleggings en produkte word ook baie fyner dopgehou en mense kanselleer maklik as hulle meen die produkte lewer nie opbrengs nie.

Terwyl baie van hierdie terugsnidings 'n sinvolle reaksie op knap begrotings is, is mense egter ook geneig om produkte te kanselleer wat hulle dan finansiëel kwesbaar maak. Daar is byvoorbeeld gevalle van mense wat lewensversekering kanselleer sonder om vir hul lewensmaat te sê, omdat hulle nie in 'n slegte lig gesien wil word nie. Party respondente het gesê om sulke produkte te moet kanselleer, laat hulle voel asof hulle nie goed genoeg vir hul geliefdes kan voorsien nie.

Maak slim besparings

Jy kan jou maandelikse koste verminder sonder om finansiëel kwesbaar te word.

- Praat met jou adviseur om vas te stel of jou produk kwalifiseer vir 'n betalingsvakansie.
- Miskien is daar goedkoper opsies wat jou in staat stel om basiese beskerming te behou.
- Miskien is daar goedkoper opsies wat jou in staat stel om basiese beskerming te behou, soos om voordeeldekking te verminder..
- Dit is altyd wys om eerder 'n mate van beskerming te behou, as om jou polis te kanselleer. Liberty Life bied jou tans die geleentheid om jou premies en voordele op jou risiko-produk te verminder en dan 6 maande later terug te keer na die oorspronklike vlakke, sonder onderskrywing.
- Onthou dat risiko geen reëlmaat ken nie; en onthou wanneer jy jou polis kanselleer, dat jy jou teen Murphy se wet kan vasloop.

Onthou selfs wanneer jy reeds midde-in finansiële moeilikheid is, dat daar geen beter tyd as nou is om vir jou toekoms te beplan nie; en onthou dat dit om meer as lewensdekking gaan: dit gaan om Jou Lewe!